**Boodskap vir Sondag 9 Augustus 2020**
**Gegroet uit die pastorie**

Ons vier Vrouedag vandag en kom ons klink 'n glasie op al die vroue van enige ouderdom, maar miskien die meeste op die oumas – hulle is die langste al in die uitdagende beroep van vrou-wees en in hierdie aaklige tyd van inperking dikwels ingegrendel sonder om hulle geliefdes drukkies te gee en te kry.

Die boodskap vir vandag gaan nie oor vroue nie, maar in elk geval oor waarmee hulle kampioene is. Die Skrifgedeelte kry ons in Jakobus 4:17 // *As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy doen dit nie, is dit sonde*. Vrouens doen meesal die regte ding, maar die voorafgaande Skrifgedeeltes van hierdie vers het weer geen toepassing op meeste vrouens nie: Jak 4:13-16 // *Kom nou, julle wat sê: Vandag of môre sal ons na dié en dié stad toe gaan en 'n jaar lank daar bly; ons sal sake doen en geld maak. Julle wat nie eers weet hoe julle lewe môre sal wees nie! Julle is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn. Julle moet eerder sê: As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen. Maar nou is julle te seker van julleself en praat julle groot. Al sulke grootpratery is verkeerd.*

As ek nadink oor die grootpratery waarvan Jakobus melding maak, kom ek agter ek ken bitter min sulke mense. Daarteenoor ken ek weer vele mense wat baie planne het vir more – ek is een van hulle en veral so oor die gedeelte wat gaan oor sake doen en geld maak. Soos almal goed weet het ons geld nodig en geleenthede en durf en drif om voluit te lewe. Wanneer ek die ellende raakloop waarin vele mense verval het omdat daar gewoon nie genoeg finansies is nie, ervaar ek dit as allerverskriklik. Wanneer ek kom by mense met hope geld, oor die algemeen, dan vind ek nie grootpraterigheid nie, maar meesal 'n gefokusde drif om iets goed te doen. Mense in welvaart het geen behoefte om oor geld te praat nie; mense sonder geld dink min of meer altyd daaroor. Die wyse en ervare mense sal gou daarop wys dat sukkelrigheid meer met 'n mens se siel te make het, as jou omstandighede. Daar is ook vele ryk mense wat die lewe baie armsalig ervaar en minder gegoede persone wat heel goed aangaan.

Vele mense wat in finansies en geleentheid gevestig is, het agter hulle lewensverhaal iets te vertel oor genade. In die morsigheid van sukkelrigheid is genade 'n gebeurtenis wat nog moet arriveer. Soms het mense wat vasgeval het in armoede net 'n finansiële inspuiting of geleentheid van buite hulleself nodig om te floreer. Deesdae hoor ek van vele jong mense wat in dié kategorie val. Sekerlik is daar vele van hulle ook in die townships en plakkerskampe regoor die wêreld en by ons beslis. Ek was al by daardie ruimte waar selfs net R1, 000.00 my uit die modder en slik sou gelig het. Die planne het ek gehad – dit was net die fondse wat benodig was. Tog moes ek dááruit kruip veel eerder met geloof ás geld. Maar die gevoel van vasgevangheid en moedeloosheid en verwerping en minderwaardigheid wat in die modder en slik huis hou, ken ek baie goed.

In Jak 4: 3-6 sê hy: *As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig. Weet julle nie, julle ontroues, dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God is. Of dink julle dat die Skrif sonder rede sê dat God die Gees wat Hy in ons laat woon, heeltemal vir Homself wil hê? Maar die genade wat Hy gee, is nog groter*. Dit is 'n pynlike stuk aanbeveling dié – klink soos 'n pak slae tot die derde mag: Verkeerde gebede, verkeerde begeertes, verkeerde vriende en daarom is jy in sukkelstraat!

Jakobus is wys genoeg, of beter gestel hy het die Gees van God wat hom help soos hy self stel in vers 5, om ook die oplossing vir die afwaartse spiraal in sukkelrigheid aan te bied – vers 6-10: Onderwerp jou in nederigheid voor die Here en Hy sal jou verhoog en nader tot God en Hy sal tot jou nader. As jy dit doen, dan sal jy sommer tegelykertyd ook die boosheid weerstaan en die duiwel sal van jou wegvlug. Ook sal jy jou binnekant reinig en huil oor jou ellende; ook sal jy ervaar dat die valse vrolikheid en hoogmoedigheid wat so saamloop met eiegeregtigheid in droefheid sal verander. En dán, so bevestig Jakobus in verse 6 en 10, sal 'n opregte nederigheid in jou opstaan en sal jy God se genade beleef en sal Hy jou oplig. Ek weet – dis presies soos dit met my ook gebeur het.

Jakobus moes waarskynlik ook so 'n belewing gehad het al het hy die hulp van die Gees om dit alles te kommunikeer. So dink ek omdat hy die saak verder verklaar deur daarop te wys in verse 11-12 dat as jy so uit

sukkelrigheid opgelig word, jy nooit weer lus kry vir kwaad- of slegpraat van iemand nie; 'n mens wat opgelig word uit modder en slik het geen begeerte meer om in hoogmoedigheid regter oor alles te speel en in beterwetigheid oor iets of iemand te oordeel nie. Daar is net een Regter en jy weet dat Hy jou uitgelig het uit iets waarin jy niemand ooit wil sien lewe nie.

En in slotsom, na jou vermorste jare in worstel om uit die verkeerde gesindhede en hooghartigheid te kom, aanvaar jy met ootmoedigheid jou afhanklikheid van die Here. Jy weet in die grotere plan van God is jy net 'n dampie wat vir 'n kort tydjie, al het dit soos eeue gevoel wat in sekondes verby tik, beskikbaar is vir God en dan verdwyn jy weer. En jou beskikbaarheid vir God wortel alleen daarin dat jy met die hulp van Gees wat God in jou laat vloei het, weet wat die regte dinge is om te doen – met die vrug dat jy dit nie net dink nie, maar doen. So het dit met my gebeur en het ek predikant geword wat oor en oor geleer het dat God groot is en pratery klein is en dat jou hart 'n goeie of slegte fontein is wat altyd oorvloei na jou omstandighede. En wanneer jy uiteindelik begin oplet jy geen sin meer het vir rusies of selfsugtige begeertes of jaloesie en om die wêreld op sy plek te sit vir jouself nie, dan besef jy wat genade regtig is omdat jy ook weet uit watter gemors jy opgelig is deur genade wat jy nie verdien het nie.

En skielik sien jy dan hoe mooi en aangenaam almal wat nederig is, is en hoe geseënd sulke mense is en hoe afhanklik jy van God is om al die aanslae tot die teendeel af te weer, om die booshede te weerstaan. Maar jy weet dat jy weet dit is die moeite werd in die kort tydjie wat jy het om op aarde om die Here se huis te bou. En dan, ook omdat dit Vrouedag is, sien hoekom Paulus die vrou die *oikos despotas* noem – die bestuurder van die huishouding en weet ons dit is omdat die vrouens by en met ons kampioene van opofferinge en nederigheid is. En daarmee meer gemotiveer word omdat God aan die nederiges genade gee.

As jy 'n man is, gee jou vrou 'n stywe, stywe drukkie met 'n bos vriendelike blomme en as jy nog sonder vrou is, gee jou geliefde 'n roos of tien en 'n drukkie uit erkentlikheid en alle mans maak kontak met jou ma en sê dankie vir wat sy oor jare vir jou beteken en as jy nog 'n ouma het laat haar weet jy mis haar en haar eer en respekteer en liefhet. Want jou hart is 'n fontein en God se genade maak dit oorvloei van skeppingswater en alle vrouens weet dit net so goed soos Jakobus. En natuurlik ook dat ons altyd meer as geld, die Here se genade nodig het.

Amen